

Geleentede vir meisies om te presteer is dun gesaai

Linda Zuze*

In April 2014 is 276 meisies by hul sekondêre skool in die armoedige dorp Chibok in die noordooste van Nigerië ontvoer. Hul ontvoering het in die dae en weke ná die voorval die verbeelding van politici en bekendes aangegryp, wat tot die hutsmerk #BringBackOurGirls gelei het.

Die joernalis Isha Sesay herinner ons in haar boek, *Beneath the Tamarind Tree: A Story of Courage, Family, and the Lost Schoolgirls of Boko Haram* (2019), daaraan dat #BringBackOurGirls die simbool geword het van die oënskynlike teenstrydigheid tussen wêreldwye pogings om meisies op te voed wat "... arm is en wie se ouers beperkte skoolopleiding en geleentede gehad het en uit huise sonder enige onderskeiding kom ..." en kulturele maatstawwe wat (soms gewelddadig) die opvoeding van meisies teenstaan. Soos 'n mens sou kon voorspel, was die media se fokus op die Chibok-meisies kortstondig. Soos die leerders van Chibok, kyk Suid-Afrikaanse meisies daagliks toe hoe hulle van hul drome beroof word weens die moeilike omstandighede wat hulle by die skool én tuis moet verduur.

Daar is eweveel talent onder Suid-Afrikaanse vroue, maar nie eweveel geleentede nie. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die gehalte van gesondheidsdienste, voeding, veiligheid, behuising en toegang tot opvoedkundige verrykingsprogramme vir meisies wat in armoede leef en meisies wat uit gegoede huise kom. Hierdie gapings begin reeds vroeg in hul lewe en duur voort tot hulle adolessensie en volwassenheid bereik.

Die meeste meisies moet reeds van die begin van hul skoolloopbane af probeer inhaal. Hopeloos te min kry dit ooit reg. Volgens die 2016 Suid-Afrikaanse Demografiese en Gesondheidsopname het slegs 2% van die armste kwintiel vroue verder as sekondêre skool gevorder, in vergelyking met 34% van die rykstes. Onder diegene wat werk, was slegs 3% van die armstes in professionele beroepe of bestuursposte, terwyl 38% van die rykstes professionele beroepe gehad het. Dit is egter nie waar die verskille eindig nie. Bates kan vir vroue in tye van nood lewensbelangrik wees. Daarsonder word vroue dikwels in tye van nood met bitter min aanvaarbare opsies gelaat. Ook hier was die verskille sprekend, met groot verskille in die besit van bates en toegang tot formele finansiële dienste.

Meisies uit verskillende agtergronde is onderverteenwoordig in wetenskaplike, tegnologiese, ingenieurs- en wiskundige (STEM) beroepe. Daar bestaan 'n wye verskeidenheid ingrypings om vroue wat na beroepe in die wetenskap mik, te ondersteun. Sommige blyk meer doeltreffend as ander te wees, maar dit is vir meisies uit baie arm skole die moeilikste om tot beroepe in die STEM-mark uit te styg. Baie min van hulle kry 'n grondige kennis van wiskunde. Die situasie van meisies wat gratis openbare skole bywoon, is veral kommerwekkend. Die Studie oor Neigings in Internasionale Wiskunde- en Wetenskap (TIMMSS) het byvoorbeeld aan die lig gebring dat so onlangs soos 2015 vier uit elke vyf meisies se punte onder die laagste standaard was. Hierdie drumpel verteenwoordig 'n basiese kennis van wiskunde. Dit is in kontras met een uit elke vyf meisies in onafhanklike (private) skole; daar wag uiteraard baie meer geleentede op hierdie meisies in die toekoms.

Lae selfvertroue in wiskunde kom wêreldwyd algemeen onder meisies voor, ongeag van die tipe skool waar hulle skoolgaan, maar 'n skoolomgewing met gebrekkige ondersteuningstrukture vererger angstigheid oor wiskunde en wetenskap. Om 'n uiteenlopende poel professionele vroulike STEM-praktisyns in Suid-Afrika te skep, moet ons die bekwaamheid van wiskunde-onderwysers in skole met min hulpbronne verbeter. Insig oor

wanneer en hoe hul verwagtinge vir hulleself oor tegniese vakke gevorm word, is nodig om meisies met minder sosio-ekonomiese hulpbronne tot hul beskikking se deelname aan wiskunde en wetenskap te verbeter.

Die ondervinding van die Chibok-meisies leer ons dat meisies in afgeleë gemeenskappe wat onder wydverspreide armoede gebuk gaan, se vooruitsigte bleek is. Die maatskaplike uitdagings wat meisies in landelike Suid-Afrika in die gesig staar, is moontlik nie so erg soos op ander plekke nie, maar dit bestaan beslis. Indien huwelike en vrugbaarheid voorrang bo opvoeding geniet, sal ouers in landelike gebiede moontlik nie die punt daarvan insien om hul dogters skool toe te stuur nie. Wanneer hierdie lewensbeskouings met redelike lae-gehalte landelike onderrig bots, kan 'n mens verstaan waarom meisies in landelike en kleindorpse skole aansienlik swakker vaar as meisies wat stedelike en voorstedelike skole bywoon, soos die internasionale wiskunde-uitslae van TIMSS 2015 getoon het.

Die huidige openbare gesondheidskrisis en verskeie kwessies het hernieude fokus op armoede en ongelykheid geplaas. Namate die ekonomiese vooruitsigte verswak, word Suid-Afrikaanse huishoudings gedwing om onmoontlike keuses te maak oor wie gevoed, opgevoed en ondersteun moet word; keuses wat geen gesin ooit veronderstel is om te maak nie. Onlangse berigte oor geslagsgebaseerde geweld is 'n tragiese herinnering aan wat op die spel is indien die welstand van Suid-Afrikaanse vroue nie dringend en onwrikbaar voorkeur kry nie. Ons het ons deel van hutsmerke, woede en vergeet gehad. Ons huidige spoor van dood en wanhoop regverdig nie die verwaarlosing van jongmeisies in ons gemeenskappe nie. Dit is eerder nou belangriker as ooit dat meisies wat in armoede grootword, deur alle sektore van ons samelewing erken en ondersteun word.

***Dr Linda Zuze is 'n navorsingsgenoot by die navorsingsgroep [ReSEP](#), wat op sosio-ekonomiese beleid fokus, in die departement Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Die artikel is gegrond op 'n ReSEP-beleidsdokument, *Opportunity Gaps Among South African Girls*, wat onlangs verskyn het.**